gebuigde poskaarte – René Bohnen

op ’n donkerblou bus deur parys
(op reis) (op reis)
lees jy slapbandstrokies
terwyl ek langs my
weerkaatsing mymer

die notre dame verbrokkel
in kerse
en ’n gotiese lag
agter beelde se koue
hande
fluister stemme in die skemer
sacre coeur

kyk hoe slang die seine verby
met haar vrag onbespeurde
drenkelinge

gejaste paartjies in die tuin
van die tuileries-paleis en ek
en jy
loop tussen platane

verby die mite van reis en lente
verby herfs
tot in die sneeu by pont neuf

op vakansie in die paradys

Die digter

- ’n Fotograaf
    - Vang die skoonheid vas en verewig dit op ’n foto

Die gedig

- Reisgedig
- Vrye vers
    - Geen vaste strofebou
    - Geen vaste rymskema
    - Geen hoofletter- en leestekengebruik

- Reël 23 vergelyk Parys met die paradys
- Dié saam met die gedeelde rymskema van reël 1 en reël 23 bind die gedig tot ’n eenheid

Die titel

- ‘Poskaarte’
    - Letterlik
        - Word gestuur wanneer mens op reis is in ’n vreemde land
        - Inhoud v.d. gedig verteenwoordig die poskaarte
            - Elke besienswaardigheid is ’n poskaart van sy eie
                - 5 besienswaardighede = 5 poskaarte
    - Figuurlik
        - Poskaarte = spreker se herinneringe
- ‘Gebuigde’
    - Daar is al baie met die poskaarte gewerk
    - Die spreker het al baie teruggedink na haar tyd in Frankryk
    - Spreker het al baie met daardie herinneringe van Frankryk geworstel

Gebuigde poskaarte

r. 1: *op ’n donkerblou bus deur parys*

- ‘donkerblou’ is die kleur van mismoedigheid
    - Die spreker se gemoedstoestand

r. 2: *(op reis) (op reis)*

- Parentese (ekstra inligting)
- Herhaling beklemtoon die ryery
    - Gaan nie spesifiek iewers heen nie; daar is geen eindbestemming nie

r. 3: *lees jy slapbandstokies*

- Comic strips
- Beminde stel nie belang in die reis nie; beminde stel nie in die spreker belang nie

r. 4: *terwyl ek langs my*

r. 5: *weerkaatsing mymer*

- Spreker is weemoedig. Hulle is in die stad van liefde maar haar geliefde toon geen belangstelling nie

- Y-assonansie = bindingselement
    - beklemtoon die spreker se weemoed (maak die weengeluid na)
- Spreker sien net haar eie weerkaatsing
    - Beklemtoon die alleenheid van die spreker

r.6: *die notre dame verbrokkel*

- Eerste besienswaardigheid

- La Notre Dame de Paris is in 1345 gebou in ’n Gotiese styl

- “verbrokkel”
    1. Die spreker is oorweldig deur alles wat sy sien, sy vergeet die detail amper dadelik
    2. Die spreker begin haar reis vergeet. Sy kyk na die poskaarte om die plekke te onthou. Die onthou word dof
    3. Vooruitsig van die spreker se verhouding wat ook verbrokkel

r. 7: *in kerse*

- Kerse word aangesteek ter herdenking aan iemand wat oorlede is
    - Spreker steek ’n kers aan ter herdenking aan die verhouding wat dood is

r. 8: *en ’n gotiese lag*

- Gebou is versier met beelde (gargoyles) wat lag
- Dit voel vir die spreker asof die beelde haar uitlag
    - Hulle kan sien die verhouding is verby, maar sy kom dit nog nie heeltemal agter nie

r. 9: *agter beelde se koue*

r. 10: *hande*

r. 11: *fluister stemme in die skemer*

- r. 9 – 11
    - ‘beelde’ = klipgemaakte beelde buite die Sacre Coeur
    - Personifikasie
        - Die beelde fluister agter hul hande
        - Hulle spot die spreker omdat sy nie agterkom dat haar verhouding verby is nie
    - Sinekdogee (geheel word deur ’n eienskap verteenwoordig)
        - Stemme verteenwoordig die mense
        - Fluister in eerbied
- s-alliterasie beklemtoon die klank van die fluisteringe; boots dit na

r. 12: *Sacre Coeur*

- Tweede besienswaardigheid
- Rooms-Katolieke kerk

r. 13: *kyk hoe slang die seine verby*

- Seine rivier is die derde besienswaardigheid
- 777 km lank
- Kronkel soos ’n slang (ww.) deur die dorp
- Slang = boosheid (weens die mense wat hier dood is)

r. 14: *met haar vrag onbespeurde*

- onbespeurde: dit wat nie gesien kan word nie

r. 15: *drenkelinge*

- Mense wat verdrink het
- Die Seine se vrag = mense wat verdrink het; sommige lyke is nooit gevind nie
- Vanaf April 1795 tot September 1801 is 306 liggame gevind

r. 13 – 15 = enjambement

- Beklemtoon die vloei van die rivier soos ’n slang
- Dui op ’n ewige boosheid in die rivier

r. 16: *gejaste paartjies in die tuin*

- Dit is in die middel van winter

r. 17: *van die tuileries-paleis en ek*

- Vierde besienswaardigheid
- Die paleis is na die Franse Revolusie (November 1795) vir die publiek geopen; in 1875 is die paleis afgebrand, maar die tuin is steeds ’n besienswaardigheid

r. 18: *en jy*

- Spreker en beminde is geskei steeds

r. 19: *loop tussen platane*

- Plantasie bome

r. 20: *verby die mite van reis en lente*

- Reis en lente is beide mites (mite = staaltjie wat vertel word om iets te verduidelik wat skynbaar onverstaanbaar is)
    - Reis is veronderstel om mense nader aan mekaar te bring, maar sy en haar beminde is vervreem
    - Lente is ’n tyd van nuwe liefde, hoop en voorspoed, maar die liefde tussen die spreker en die beminde is besig om te verbrokkel

r. 21: *verby herfs*

- Plante begin doodgaan tydens herfs
- Soortgelyk is hulle reeds verby hul verhouding se herfs

r. 22: *tot in die sneeu by pont neuf*

- Vyfde besienswaardigheid
- Oudste brug wat oor die Seine rivier loop
- Sneeu = winter (dooie seisoen)
    - Hul verhouding het reeds sy winter bereik; die verhouding is dood
- Die spreker moet besluit of sy die brug gaan oorsteek
    - As sy oor die brug beweeg is die verhouding finaal verby

r. 23: *op vakansie in die paradys*

- Alleenplasing beklemtoon die versreël
    - Parys = paradys
        - Parys is ’n lieflike plek (’n paradys)
        - Paradys is ook ’n plek van onheil (die slang = die Seine)
        - Die verhouding is lieflik, maar ook boos

<u>Opsomming</u>

- Letterlike reis deur Parys
- Figuurlike reis tot die einde van die verhouding tussen die geliefde en haar beminde
    - Ongeag die reis deur die stad van liefde, gaan die spreker en aangesprokene se verhouding dood

---

Vrae:

1. In watter stad bevind die spreker en haar geliefde hulle?
2. Noem die plekke of dinge wat sy vanuit die bus sien.
3. Watter plekke besoek hulle te voet?
4. Wat is die funksie van die herhaling van die parentese in reël 2?
5. Hoe weet ons die spreker se geliefde is nie geïnteresseerd in die plekke waarby hulle verbyry nie?
6. Waarna verwys die mite van reis en lente? Verwys spesifiek na Parys.
7. Kyk na “slang”.

7.1 Watter woordsoort is dit gewoonlik?

7.2 As watter woordsoort word dit hier gebruik?

7.3 Is die funksiewisseling effektief? Motiveer jou antwoord.

8. Gee ten minste twee bewyse dat dit koud is.
9. Waaraan word Parys in die slotstrofe gelykgestel? Wat word daardeur gesuggereer?
10. In “gebuigde poskaarte” gebruik die digter ’n reeks visuele beelde om Parys te beskryf. Bespreek die doeltreffendheid van die beelde wat die gedigter gebruik om die visuele in die gedig te versterk. (200 tot 250 woorde)

Kartografie – Martjie Bosman

Ons sukkel met die aarde om sy rond is,
om ons haar nie plat kan druk
tussen die blaaie van ’n atlas nie,
om ons op ’n bol
nie alkante gelyk kan kyk nie.
Maar Mercator het ’n plan gekry:
maak mooi ruitjies op ’n ry,
laat die gradelyne mekaar reghoekig sny,
trek ’n bietjie hier en krimp ’n bietjie daar
en kyk!
’n Projeksie van ons persepsie van die geosfeer,
’n benadering van ons betragting van die planteet –
met só ’n kaart kry ons dalk uiteindelik transport.
Net jammer Groenland is nou yslik groot
en Alaska ietwat uit proporsie.

Gaia lag, sy rol onder ons penne uit
en van ons papiere af
weg op haar ronde baan om die son.

Die digter

- Was ’n wiskunde onderwyseres
- Wiskundige kennis word toegepas waar termonologie gebruik word

Titel

- Kartografie = studie v.d. vervaardiging van karate
- Toe
    - Karate was volgens veronderstellings of raaiwerk saamgestel
    - Uitbeelding van karate was nooit akkuraat nie
- Nou
    - Wentelende satalliete word gebruik om elke vierkante meter van die aarde te fotografeer

Bou

- Gedig bestaan uit 4 dele
    1. Reël 1 – 5
        - Spreker verduidelik waarom mens sukkel met die aarde
    2. Reël 6 – 13
        - Verhaal van Mercator wat die aarde (as rond) vir die eerste keer plat voorgetel het d.m.v. projeksie
    3. Reël 14 – 15
        - Probleme met Mercator se kaart
    4. Reël 16 – 18
        - Beskryf Gaia se reaksie op die mens se poging om haar vas te pen

Tema

- 2 maniere om die werklikheid te probeer verstaan
    1. D.m.v. natuurwetenskap wat duidelik nie akkuraat genoeg is om die aarde te verduidelik nie
    2. D.m.v. sosiale wetenskap wat waarde in die mitologie en skeppingsverhale sien terwyl daar nagestreef word om die werklikheid te ontleed en akkuraat te verduidelik

Post-modernistiese elemente

- ’n Teoretiese beweging wat opnuut die waarheid nastreef
- Onseker in die werklikheid, want die waarheid is nie noodwendig akkuraat nie

Basiese agtergrond

- Mercator
    - In die middel 16de eeu het Mercator die aarde vir die eerste keer op papier as rond voorgestel sodat al die kante van die aarde sigbaar was
    - Hy het eweredige blokkies op ’n papier geteken en breedte- en lengtelyne getrek wat oor die ewenaar hardloop. So het hy die rondheid van die aarde vasgestel
    - Bekend as die man wat die planeet gekarteer het
- Gaia
    - Griekse godin
    - Bekend as Moederaarde
    - Personifikasie van aarde
        - Gaia het na Chaos ontstaan
        - Daarna het sy geboorte geskenk aan:

- Ouranos (die hemel)
- Ourea (die berge)
- Pontus (die see)

Woordeskat

Atlas	Versameling kaarte in een boek
Betragting	Beskouing
Gaia	Godin van die aarde
Geosfeer	Geografiese ruimte
Gradelyn	Wiskundig bepaalde lyne wat die presiese ligging van lande aandui
Mercator	Gerard Mercator wat d.m.v. kartering die aarde op ’n plat oppervlakte voorgestel het
Persepsie	Beskouing
Projeksie	Afbeelding
Reghoekig	Teen ’n 90 grade-hoek
Ruitjies	Blokkies
Transport	besitneming

Kartografie

Deel 1 v.d. gedig.
Ons sukkel met die aarde, want ons wil die hele aarde op eenslag kan sien, maar osn kan nie dit doen op ’n aardbol nie. Ons wil die aarde plat het

r. 1: ***Ons sukkel met die aarde om sy rond is,***

- ‘om’ = omdat
    - Ronde klank wat die rondheid v.d. aarde beklemtoon

r. 2: ***om ons haar nie plat kan druk***

- ‘om’ = omdat
- ‘nie plat kan druk’ = rede waarom ons sukkel met die aarde (ons probleem met die aarde)

r. 3: ***tussen die blaaie van ’n atlas nie,***

r. 4: ***om ons op ’n bol***

- ‘om’ = omdat
    - X3 herhaling (r. 1, 2 en 4 = beklemtoning van die aarde se rondheid)

r. 5: ***nie alkante gelyk kan kyk nie.***

- Rede waarom ons die aarde plat wil hê
    - Ons kan nie op ’n aardbol al die kante van die aarde sien nie

r. 6: ***Maar Mercator het ’n plan gekry:***

- Dubbelpunt = verduideliking volg (Mercator se plan volg in die volgende reëls)

r. 7: ***maak mooi ruitjies op ’n ry,***

- ‘maak mooi ruitjies’ = blokkies op papier getrek

r. 6 – 7

- M-alliterasie = dien as ‘n bindingsmiddel in die gedig

r. 8: ***laat die gradelyne mekaar reghoekig sny***

- Gradelyne = breedte- en lengtelyne wat oor die ewenaar hardloop

r. 9: ***trek 'n bietjie hier en krimp 'n bietjie daar***

- Vooruitsig dat die kaart problematies gaan wees
    - Metode is nie baie wiskundig nie

r. 10: ***en kyk!***

- Uitroep betrek die leser
    - Opdrag aan die leser om self te sien wat Mercator se werk was

r. 11: ***'n Projeksie van ons persepsie van die geosfeer***

- 'Projeksie van ons persepsie' = uitbeelding van wat ons dink
    - Hoe dit vir ons moet lyk, volgens ons

r. 12: ***'n benadering van ons betragting van die planeet –***

- 'benadering' = een moontlikheid, nie noodwendig akkuraat nie
- Een manier om na die planeet te kyk

r. 13: ***met só 'n kaart kry ons dalk uiteindelik transport.***

- 'kaart' en 'transport' = uitdrukking 'kaart en transport'
    - Oordrag van eiendom
- Idee: as mens die aarde op papier kan forseer, besit ons die aarde weens die kaart wat eiendom aandui
- 'kry ons dalk uiteindelik' = aanduiding dat die aarde nie die mens s'n is om te besit nie
- 'dalk' = mens se hoop om eienaarskap

Deel 2 v.d. gedig.
Mercator wat die aarde vir die eerste keer plat voorstel.
Idee: As ek dit op papier sit, is dit myne

r. 14: ***Net jammer Groenland is nou yslik groot***

- 'Net jammer' = ironies
    - Mens wil besit neem van die aarde, maar hy verstaan die aarde nie
- Mercator het Groenland so groot soos Afrika geteken
    - Groenland is x14 keer kleiner as Afrika

r. 15: ***en Alaska ietwat uit proporsie.***

- Mercator het Alaska so groot soos Brasilië geteken
    - Alaska is x5 kleiner as Brasilië

Deel 3 v.d. gedig.
Mercator se onakkuraatheid

r. 16: ***Gaia lag, sy rol onder ons penne uit***

Let op dat Gaia haar eie strofe het
- Beklemtoon die onafhanklikheid v.d. aarde

- 'Gaia' = land / aarde
- 'Gaia lag' = personifikasie
    - Aarde (Gaia) lag
    - Mens se poging om haar op papier vas te pen is vir Gaia komies
    - Gaia spog en spot met die mens
        - Nie eers wetenskaplikes en wiskundiges kan haar vaskeer nie
        - Wiskundige weergawe v.d. aarde is nie betroubaar nie

r. 17: ***en rol van ons papiere af***

- ‘rol’ = sinspeel op die rondheid / balvormigheid v.d. aarde
- Aarde laat haar nie vaspen nie
    - Geen mens kan die aarde beheer nie

r. 18: ***weg op haar ronde baan om die son.***

- ‘weg’ = afstand
    - Bly op ’n afstand
- ‘ronde baan’ = wenteling om die son

<u>Opsomming</u>

- Mens sukkel dikwels om die aarde te verstaan
    - Mens wil alles bewys en verklaar
- Kaarte, hetsy letterlik of figuurlik, is ’n rigtingwyser

Vrae:

1. Waarom het Mercator dit nodig gevind om die aarde plat voor te stel?

2. Wat is die twee grootste foute op die Mercator-kaart?

3. Hoe versterk die gedig deur vorm, klank en betekenis die rondheid van die aarde?

4. Hoe bring die digter (deur watter versreël) dit by die leser tuis dat die mens dikwels probeer om alles in die natuur te wil verstaan en verduidelik?

5. Watter reëls in die gedig vertel vir die leser dat daar ’n konflik bestaan tussen natuurwetenskaplike kennis en sosiaal-wetenskaplike begrippe/beskouings?

6. Watter reël in die gedig is vir die leser ’n aanduiding dat die mens soms die wetenskap aanpas om by sy eie (beperkte) kundigheid te pas?

7. Na die bestudering van die gedig, dink jy ’n versoening tussen die natuurwetenskappe en sosiale wetenskappe is moontlik? Of sal albei of een van die twee hul siening moet aanpas, of dalk ruimte vir die ander moet gee? Motiveer jou antwoord.

8. In “Kartografie” druk die digter ’n sekere houding teenoor Mercator en sy kaart uit. Beskryf en bespreek die digter se houding krities. (200 tot 250 woorde)

Draai na my – Louis Esterhuizen

Daar sal dae wees
wanneer die wêreld onkant
draai, dae wanneer
die grond hardnekkig tree vir tree
terugstamp en daar geen holte
te vinde is nie, dae wanneer
die son ’n goiingsak is agter miswolke
en alles wanstaltig teenoor mekaar
bly staan, dae wanneer

die gelag van vriende
jou grief, wanneer jy sal voel: niks of
niemand, daar is geen sin
of heenkome nie en jy sal terugtrek
na jou binnekamer en sien
hoe oud jy geword het, hoe verlore
die tye toe jy onbevange jou weg
deur watter gesprek ook al kon vind
en alles vreugde was.

Onthou dan om na my te draai en te sien
hoe dit is: die manier waarop ek
steeds na jou kyk

Die digter

- Bekende digter wat in 2011 die Protea Poësieprys gewen het
- Sy huweliksmaat, Marlise Joubert, is ook ’n bekende digter

Titel

- Uitnodiging aan die geliefde (aangesprokene)

Bou v.d. gedig

- Vrye vers
    - Strofes is onreëlmatig in lengte
    - Versreëls is onreëlmatig in lengte
    - Leestekens, rym en hooflettergebruik ontbreek
- Praatpoësie

Strofe-indeling

- Strofe 1: algemene persoon se ervaring van slegte dae (van toepassing op almal)
- Strofe 2: aangesprokene se ervaring
    - Spesifiek geskryf vir die aangesprokene
    - Bevestig d.m.v. die gebruik van tweede persoonsvoornaamwoorde
- Strofe 3: spreker se ervaring
    - Wat die spreker vir die aangesprokene sal doen

Bindingselemente

- Herhaling van woorde
- Herhaling van die ‘w’-alliterasie
- Herhaling van die lang ‘ee’-assonansie
    - Skep ’n weemoedige, hartseer stemming in die gedig
- Enjambemente

Tema

- Bevestiging van ’n geliefde se liefde vir ’n beminde
    - Geliefde herinner die beminde dat sy liefde vir haar nie sal vervlou te midde slegte tye nie
- ’n Geliefde se troosbelofte aan ’n beminde wanneer die lewe sy rug op die beminde draai en die beminde fisiek, emosioneel en geestelik aftakel
- In tye van stryd word mens gestroop van jou jeug en vreuge; jy voel onseker en alleen

Draai na my – Louis Esterhuizen

r. 1: *Daar sal dae wees*

- ‘sal’ - suggereer ’n voorspelling
    - ‘sal’ is die hulpwerkwoord van waarskynlik
        - Mens sal waarskynlik slegste dae beleef

r. 2: *wanneer die wêreld onkant*

- ‘onkant’ = teen jou
    - Wêreld is teen die mens

r. 3: *draai, dae wanneer*

- ‘onkant draai’ = dinge loop skeef
    - voel asof alles teen die mens is
    - niks tel in sy guns nie

r. 4: *die grond hardnekkig tree vir tree*

- ‘hardnekkig’ = aanhoudend, sonder meegevoel
    - Die grond (aarde) is hardnekkig teen die mens
        - Gee die mens nie sy sin nie

r. 5: *terugstamp en daar geen holte*

- ‘terugstamp’ = personifikasie
    - Impiseer dat iemand eerste moes stamp (waarskynlik die mens)
    - Wanneer mesn mismoedig is, stamp jy jou voete teen die grond
        - Ontevrede met die grond
    - Aarde wat terugstamp suggereer dat die mens nie sy sin gaan kry nie
        - Aarde gaan bly weier om die mens sy sin te gee
- ‘holte’ = rusplek

r. 6: *te vinde is nie, dae wanneer*

- Daar is nie ’n rusplek vir die mens nie
- Dit voel asof daar nie uitkoms is niee

r. 7: *die son’n goiingsak is agter miswolke*

- ‘goiingsak’ = sterk sak geweef uit growwe stof
    - Suggereer ongenaakbaarheid (hardheid)
- Metafoor = son word met ’n goiiingsak vergelyk
    - Wanneer die son agter wolke skuil, is dit ’n dowwe, strooi kleur (soortgelyk aan ’n goiingsak)
        - Dui op die mismoedigheid en donkerheid van die aangesprokene se gemoedstoestand en persepsie van die wêreld

r. 8: *en alles wanstaltig teenoor mekaar*

- ‘wanstalig’ = misvorm, gebreklik
    - Alles lyk misvormig
        - Dinge loop aanhoudend skeef

r. 9: *bly staan, dae wanneer*

- Enjambement verbind strofe 1 en 2
- Verskuiwing van fokus na die spreker se geliefde
    - Strofe 1: buite wêreld se ervaring
    - Strofe 2: spreker se geliefde se ervaring

r. 10: ***die gelag van vriende***

r. 11: ***jou grief, wanneer jy sal voel: niks of***

- 'grief' = seermaak
    - Vriende se geluk is pynlik vir die geliefde, want sy ervaar nie daardie geluk nie
        - Maak die spreker se geliefde hartseer
- Dubbelpunt = verduideliking van die geliefde se gevoelens volg

r. 12: ***niemand, daar is geen sin***

- 'geen sin' = die wêreld voel nutteloos
    - Daar is nie 'n doel in die lewe nie

r. 13: ***of heenkome nie en jy sal terugtrek***

- 'heenkome' = plek waar mens veilig kan voel (haven)
    - Daar is nie 'n plek waar die geliefde veilig voel nie
    - Verbind met reëls 5 en 6

r. 14: ***na jou binnekamer en sien***

- 'binnekamer' = heiligdom waar jy alleen kan wees
    - Private plek waar net jy kan wees
- Spreker se geliefde sal haarself afsonder van die wêreld
    - Binne haarself begin leef, want die wêreld maak haar seer

r. 15: ***hoe oud jy geword het, hoe verlore***

- 'hoe oud' = in haar afgesonderheid sal die geliefde sien wat die kommer oor die wêreld aan haar gedoen het
    - Geliefde sien haar jeug is van haar ontneem a.g.v. die seer wat die wêreld haar bied

r. 16: ***die tye toe jy onbevange jou weg***

- 'onbevange' = spontaan, sonder vrees
    - Tye waar die geliefde sonder vrees kon leef, het in haar kommer verlore gegaan
        - Weggeraak
            - Geliefde het verleer hoe om spontaan te wees

r. 17: ***deur watter gesprek ook al kon vind***

r. 18: ***en alles vreugde was.***

- 'was' = vreugde het verdwyn
    - Iets van die verlede

- Verskuiwing van fokus na die spreker se troosboodskap
    - Strofe 2: spreker se geliefde se ervaring
    - Strofe 3: hoe die spreker die geliefde kan help

r. 19: *Onthou dan om na my te draai en te sien*

- 'om na my te draai' = spreker se opdrag aan die geliefde (titel v.d. gedig)
    - Spreker vra die geliefde om na hom te kyk

r. 20: *hoe dit is: die manier waarop ek*

- Dubbelpunt = verduideliking van dit wat die spreker wil hê die geliefde moet sien

r. 21: *steeds na jou kyk*

- 'steeds' = onveranderd
    - Ten spyte van die geliefde se hartseer en mismoedigheid, het die spreker se liefde / gevoelens vir die geliefde nie verander nie
        - Kyk steeds op dieselfde manier na die geliefde
- Spreker bied aan om die geliefde se holte (rusplek) te wees

<u>Stemming</u>

- Verander in strofe 3
    - Vertroostend
- Afwesigheid van w-alliterasie
- Enjambemente dra die vertroostende stemming in die gedig

Vrae:

1. Wie is die aangesprokene in die gedig?
2. Watter woord in die eerste strofe suggereer dat die wêreld soms verkeerd draai vir 'n mens?
3. Skryf nog vier woorde/frases uit die eerste strofe neer wat semanties aansluit by hierdie gedagte.
4. Waarmee word die son metafories beskryf in reël 7?
5. Hoe verskil die fokus in die tweede strofe van die in die eerste strofe?
6. Waarom, dink jy, is die enjambement aan die einde van die eerste strofe funksioneel?
7. Watter woord personifiseer die grond in reël 4?
8. Watter suggestie word deur hierdie personifikasie verwek?
9. Watter uitdrukking resoneer in "geen holte" (reël 5)?
10. Hoe word die uitdrukking van toepassing gemaak in die gedig?
11. Skryf die twee dele van die metafoor (beelddraer en beeldgewer) in reël 7 in 'n kolom neer en daaronder twee ooreenkomste tussen die twee dele van die beeld.
12. Is die beeld in reël 7 'n geslaagde beeld? Motiveer jou antwoord.
13. Hoe sou jy die uitwerking van die gelag van vriende beskryf as dit jou "grief" (reël 11)?

14. Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 11?

15. By watter woord in strofe 1 sluit "geen ... heenkome" (reël 12-13) aan?

16. Watter heenkome sal die beminde tóg vind, volgens strofe 2?

17. Wat sal sy ontdek wanneer sy haar hier terugtrek?

18. Watter troos bied die spreker as lewensmaat aan die geliefde wanneer sy die soort dae beleef wat in die eerste twee strofes beskryf word?

19. Die eerste twee strofes van hierdie gedig bereik 'n hoogtepunt in die slotstrofe. Skryf 'n opstel waarin jy sê of jy met hierdie stelling saamstem of nie en redes vir jou standpunt gee. (200 tot 250 woorde)

Ek wil – Willem Fransman

Ek wi'lie fênsie poetry skryf'ie
Oekie special expressions gebryk'ie
Net skryfe in my Taal
Soos o'se mênse 'it praat!

Roep't wat djy wil, but o's call 'it
Streetpoetry en ek sê soema:
Straatpraat of Township Afrikaans

Ek wil skryf
van o'se feelings
van o'se fears
van o'se joys
van o'se sadness
van o'se frustrations
van o'se ambitions
In o'se Township Afrikaans

Ek wil 'it skryf
vi o'se oue's
vi o'se suste's en broe's
vi o'se kinnes
vi o'se bra'se
vi o'se Communities
oek vi o'se Non Black vrinne ...
Soelat ammal my kan ve'staan en 'it kan enjoy

Soe, as djy nie O'se Taal ve'staan nie,
En djy djou upstairs wil hou

oo’ djou grênd Ofrikons:
Dan sê o’s poelitely:
Vra net die meaning van ’n wid
Soe nie, dan tatta djy an
But moet’ie vi’ o’s ko’ djudge ‘ie
Cause o’s skryf Afrikaans soes
O’s ‘it innie Townships praat

Afrikaanse geskeidenis

- Daar bestaan drie hoofvariante van Afrikaans
    - Standaardafrikaans
    - Oranjerivierafrikaans
    - Kaapse Afrikaans
- Sedert van Rensburg se klassifisering van dié drie variante, is Kaapse Afrikaans steeds gesien as die minderwaardige variant

> *Daa is niks meer unimportant as die lewens van arm mense nie. As arm mense doodgan los hulle niks agte nie, niks trace dat hulle exist et ie. Vir my is my writings history as told by the losers.*
>
> *- Nathan Trantaal*

Kaapse Afrikaans

- Sestiger-beweging, 'struggle'-poësie en die Swart Afrikaanse Skrywersimposium
    - 1960 – 1989
    - Sestiger-beweging
        - Groep skrywers wat teen die NP optree in hul skryfwerk
        - Hul skryfwerk bevraagteken nasionalisme en word dus deur die NP verban
        - Adam Small maak deel van dié beweging as die eerste bruin skrywer
            - Skryf in Kaapse Afrikaans (begin die beweging)
                - *Kaaps is 'n taal, 'n taal in die sin dat dit die volle lot en noodlot van die mens wat dit praat, dra: die volle lot, hulle volle lewe met alles wat daarin is; 'n taal in die sin dat die mense wat dit praat, hul eerste skreeu in die lewe skree in die taal, al die transaksies van hul lewens beblink in hierdie taal, en hul doodsroggel roggel in die taal. Kaaps is nie 'n grappigheid of snaaksigheid nie, maar 'n taal.*

                  - Adam Small
    - 'struggle'-poësie
        - Strydgedigte wat in die 70's en 80's deur bruinskrywers geskryf is
    - Swart Afrikaanse Skrywersimposium
        - 3 simposia (1985; 1995; 2005)
            - Eerste simposium het veral gefokus op Kaapse Afrikaans

Verskynsels

- Gebruik van Engelse woorde
- Weglating van eindkonsonante
- Assimilasie
- Nasalering
- Vokaalreduksie
- R-skraping - weglating van r-klank
- J-affrikatisering (palatalisasie)
- Oorronding

Die digter

- Deel van die 'struggle'-poësie beweging

Bou v.d. gedig

- Vrye vers
    - Geen vaste strofebou
    - Geen vaste rympatroon

Ek wil – Willem Fransman

r. 1: ***Ek wi'lie fênsie poetry skryf'ie***

- 'Ek' = verteenwoordig die hele gemeenskap

r. 2: ***Oekie special expressions gebryk'ie***

- Interteks van Antjie Krog se 'Ma'
    - 'Ma, ek skryf vir jou 'n gedig / sonder fênsie leestekens / sonder woorde wat rym / sonder bywoorde / sommer net / 'n kaalvoet gedig'
- Spreker wil nie literêre, poëtiese taalgebruik toepas nie, want dit vorm nie deel van sy taal nie

r. 3: ***Net skryfe in my Taal***

- Spreker se enigste doel in letterkunde
- 'Taal' = eienaam
    - D.m.v. hooflettergebruik maak die spreker sy taal waardig, want dit het 'n naa,

r. 4: ***Soos o'se mênse 'it praat!***

- Waarom hy so wil skryf
    - Spreker wil skryf soos hulle praat

r. 5: ***Roep't wat djy wil, but o's call 'it***

r. 6: ***Streetpoetry en ek sê soema:***

- Dubbelpunt = verduideliking volg
    - Wat die spreker dié taal noem

r. 7: ***Straatpraat of Township Afrikaans***

r. 8: ***Ek wil skryf***

r. 9: ***van o'se feelings***

r. 10: ***van o'se fears***

r. 11: ***van o'se joys***

r. 12: ***van o'se sadness***

r. 13: ***van o'se frustrations***

r. 14: ***van o'se ambitions***

Lys van temas waaroor die spreker wil skryf

- Spreker wil die kleurlinge se lewens dateer sodat almal van hulle weet
- Letterkunde se doel is om mense in te lig van die groep wat in 'n bepaalde omgewing woon;
    - Hy wil hê die mense moet van hulle weet
    - Mense moet weet van die taal wat hulle praat, want mens se identiteit lê geanker in jou taal

r. 15: ***In o'se Township Afrikaans***

r. 16: ***Ek wil 'it skryf***

r. 17: ***vi o'se oue's***

r. 18 : ***vi o'se suste's en broe's***

r. 19: ***vi o'se kinnes***

r. 20: ***vi o'se bra'se***

r. 21: ***vi o'se Communities***

r. 22: ***oek vi o'se Non Black vrinne ...***

Lys van mense vir wie die spreker in Kaaps wil skryf

r. 23: ***Soelat ammal my kan ve'staan en 'it kan enjoy***

- Rede waarom die spreker in Kaaps skryf
  - Wanneer 'n taal 'n geskrewe taal word, kry dit status (dit kan bestudeer word)
    - As mense Kaaps leer kan hulle almal mekaar verstaan en hulle kan die letterkunde begin leer

r. 24: ***Soe, as djy nie O'se Taal ve'staan nie,***

- 'djy' = spreek die leser direk aan
  - Aangesprokene (die leser) word uitgedaag

r. 25: ***En djy djou upstairs wil hou***

- 'upstairs' = meerderwaardig beskou

r. 26: ***oo' djou grênd Ofrikons:***

- Persepsie is dat Standaardafrikaans die regte, suiwer Afrikaans is
  - 'deftige' Afrikaans
- Spot met dié wat suiwer Afrikaans praat
  - Ironies
    - Die spreker haal 'n suiwer Afrikaanssprekende skrywer in r. 1 aan

r. 27: ***Dan sê o's poelitely:***

r. 28: ***Vra net die meaning van 'n wid***

- 'wid' = woord

r. 29: ***Soe nie, dan tatta djy an***

- As jy nie belangstel om die woord te leer nie, beweeg maar aan

r. 30: ***But moet'ie vi' o's ko' djudge 'ie***

- Moenie die spreker se taal oordeel en as minderwaardig beskou nie

r. 31: ***Cause o's skryf Afrikaans soes***

r. 32: ***O's 'it innie Townships praat***

<u>Herhaling</u>

- Herhaling van 'ek wil'
  - Beklemtoon die spreker se nood om in sy taal te skryf
  - Die spreker moet so skryf; hy het nie 'n keuse nie
    - Dit is noodsaaklik om so te skryf

Vrae:

1. Wat is “Straatpraat” in versreël 7?

2. Wie is die spreker daarvan?

3. Wie spreek die spreker in die gedig aan?

4. Wat wil die spreker volgens strofe 1 bereik?

5. Wat is van die temas waaroor die spreker wil skryf?

6. Waarom word “Taal” (reël 3) met ’n hoofletter geskryf?

7. Waarna verwys “grênd Ofrikons” in versreël 26?

8. Hoe ervaar die spreker ander mense se reaksie op sy Township Afrikaans? Haal twee versreëls aan om jou antwoord te staaf.

9. Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 27?

10. Waarvoor beywer die spreker hom?

11. Volgens die spreker wil hy in “Straatpraat of Township Afrikaans” (reél 7) skryf.

    Skryf ’n literêre opstel waarin jy bespreek hoe hy sy voorneme realiseer. (200 tot 250 woorde)

My mamma is bossies – Jeanne Goosen

My mamma is bossies
uit haar een oog huil sy Puccini
uit die ander oog betig sy my
Snags kweel sy: Bedaar, my kind, bedaar
môore kry jy van soetpap en melk

My mamma is bossies
la sona molto felice, sing sy
en pak haar kaarte uit
Hoe mooi is sy nie
sy met haar hare soos pruimedante
my bossiema met haar taai drome
en onverwagte uitgelatenheid.

My mamma is bossies
Sy is dood nou
ingeweef in die familietapisserie
Sy jaag haar ganse strandlangs
met ’n dun swepie aan
Sy draai om, sien my
my agterstevoorkind, sê sy
mag dit goed gaan met jou

Die digter

- Dig gewoonlik oor haar familie
- Digkuns bevat dikswels musicale agtergrond

Bou v.d. gedig

- Vrye vers
    - 3 strofes van wisselende lengte
    - Rympatroon ontbreek

Die titel

- Twee moontlike omskrywings van die titel
    a. Die spreker se ma word deur die samelewing as 'mal' beskou
    b. Die spreker se ma is dood
        - Vanuit die Engelse idioom 'pushing daisies'
            - Nadat 'n persoon begrawe is, groei daar bossies oor die graf
            - Al vat van die ma oorbly is bossies op haar graf

Toon

- Heimwee, liefde en verlange na die oorlede moeder
    - Spreker onhou haar ma as:
        - Versorger
        - Opvoeder
        - Dromer (vrolike teenwoordigheid)

Tema

- Verlange vir 'n moeder wat oorlede is
- Vele fasette van die ma se persoonlikheid word herdenk
- Volkome duidelikheid van 'n persoon se karakter na hulle dood

My mamma is bossies – Jeanne Goosen

r. 1: *My mamma is bossies*

r. 1; 6; 13

- Refrein van die gedig
    - Beklemtoon die musikale verwysing in die gedig
- Idioom vir 'mal wees'
    - Word hiperbolies toegepas
        - Ma was waarskynlik net onkonvensioneel
- Ironie
    - Ma is nie mal nie
        - Word as 'mal' bestempel weens haar uiteenlopende persoonlikheidsaspekte
        - Ma word nie deur die wêreld verstaan nie
- Word nie as neerhalend beskou nie
    - Gesê uit liefde en waardering vir die spreker se ma

r. 2: *uit haar een oog huil sy Puccini*

- Ma huil as sy Puccini se musiek hoor a.g.v. die skoonheid daarvan
- 'Puccini' = metonimie
    - Puccini verteenwoordig sy musiek, nie hyself nie
- Ma huil as sy mooi musiek hoor
    - Verwys na ma se persoonlikheid as dromer

r. 3: *uit die ander oog betig sy my*

- Ma betig (berispe) uit haar oog

- Verwys na ma se persoonlikheid as realis

r. 4: *Snags kweel sy: Bedaar, my kind, bedaar*

- 'kweel' = sing

r. 5: *môore kry jy van soetpap en melk*

- 'môore' = klankverlening weens musikale ritme
- Interteks van die wiegelied 'Pikaninie-wiegelied'
  - 'môrevroeg kry jy van soetpap 'n maal'
  - Beklemtoon die versorger-aspek van die ma se persoonlikheid
    - Ma versorg haar kinders

r. 6: *My mamma is bossies*

r. 7: *la sona molto felice, sing sy*

- Italiaanse aanhaling vanuit 'n opera-stuk
  - Sy is baie gelukkig
    - Beklemtoon die ma se liefde vir musiek
      - Liefde vir musiek is aan die dogter oorgedra

r. 8: *en pak haar kaarte uit*

- Twee betekenisse
  a. Letterlik: Ma voorspel die toekoms
     - Simboliseer dat die ma bekommerd is oor die toekoms
     - Lees die kaarte om die toekoms te kan voorspel
  b. Figuurlik: Ma se karakter as eerlike persoon
     - Ma speel 'oop kaarte'
       - Steek niks weg nie
       - Ma gee nie voor nie; wat jy sien is wat jy kry

r. 9: *Hoe mooi is sy nie*

- Spreker se bewondering vir haar ma

r. 10: *sy met haar hare soos pruimedante*

- Vergelyking
  - Ma se hare word met pruimedante vergelyk
    - Haar hare is swart, gekrul en styf teen haar kop gekartel

r. 11: *my bossiema met haar taai drome*

- 'bossiema' = metafoor
  - Verwys na die oorlede, mal en onkonvensionele ma wat nou deel is van die aarde
- 'taai drome' = metafoor
  - Ma het hoë verwagtinge gehad
    - Haar drome was moeilik bereikbaar

r. 12: *en onverwagte uitgelatenheid.*

- 'uitgelatenheid' = vrolikheid

r. 13: *My mamma is bossies*

r. 14: *Sy is dood nou*

r. 15: *ingeweef in die familietapisserie*

- 'ingeweef' = eufemisme vir 'doodwees'
- 'familietaposserie = metafoor

- Verwys na ’n familieboom
  - Die ma is nou net deel van die familieboo,
  - Deel van die voorgeslagte wie se gene in die ma voortgeleef het

r. 16: *Sy jaag haar ganse strandlangs*

- ‘jaag ganse’ = idioom (om ganse te jaag)
  - Dui op dronkenskap
    - Die spreker se ma was voortdurend dronk op die lewe self
    - Dronk = toestand van vervoering of ekstase
- ‘jaag haar ganse’ = dui op die ma se kinders (die Goosen-kinders)

r. 17: *met’n dun swepie aan*

- ‘dun swepie’ = waarmee sy haar kinders betig

r. 18: *Sy draai om, sien my*

r. 19: *my agterstevoorkind, sê sy*

- ‘agterstevoorkind’ = verwys na die spreker
  - Die spreker is so onkonvensioneel soos die ma
  - Beide wyk af van die norm en die standaarde van die samelewing

r. 20: *mag dit goed gaan met jou*

- Toekomswens wat die ma vir die spreker vanuit die hiernamaals gee
- Die ma wat met die spreker praat is ook ’n aanduiding dat die spreker soms van haar ma droom

Vrae:

1. Hoe weet jy dat die spreker veilig by haar ma gevoel het? Verwys na die reëls wat daardie indruk maak. Gee drie bewyse.
2. Het die spreker haar ma bewonder? Watter woorde dui daarop?
3. Watter versagtende woorde dui daarop dat die spreker haar ma besonder liefgehad het?
4. Verduidelik die twee betekenismoontlikhede van “My mamma is bossies”.
5. Hoe weet jy dat die ma haar dogter verstaan het?
6. Die uitdrukking “My mamma is bossies” in hierdie gedig is nie neerhalend bedoel nie. Kan jy aan nog uitdrukkings van liefde dink wat nie neerhalend is nie, maar op die oog af so kon lyk?
7. Wat beteken die reëls “sy jaag haar ganse strandlangs / met ’n dun swepie aan”?
8. Waardeur word hierdie vrye vers hoofsaaklik verbind?
9. Waarom dink jy huil die ma as sy Puccini se musiek hoor?
10. Watter twee teenstrydige persoonlikheidsfasette openbaar die ma in r. 2 en 3?
11. Watter deel van die ma se persoonlikheid word uitgebeeld in r. 4 en 5?
12. Wat bedoel die spreker wanneer sy sê haar ma “kweel” snags (r. 4)? Verduidelik.
13. Verduidelik wat dit beteken dat die ma haar kaarte uitpak (r.8).
14. Benoem die beeldspraak in r. 10.
15. Verduidelik wat dit beteken om “taai drome” te hê (r. 11).
16. Wat is die ooreenkoms tussen ma en dogter?

As jy weer skryf – Ingrid Jonker

Vir Jack

1 As jy weer in jou dagboek skryf

2 Onthou

3 Om die goue blare te sien in die somerson

4 Of miskien die blou moederkappie

5 Op een van ons afwesige wandelinge

6 Teen Tafelberg

7 Ek wat my bloed vermeng het met die bloed van

8 Die son saans in Lissabon

9 Het jou saamgedra soos ’n spieël

10 En ek het jou geskryf

11 Op die oop bladsy

12 Van my treurigheid

13 Jou naamlose woord

14 As jy weer in jou dagboek skryf

15 Onthou

16 Om in my oë te sien

17 Die son wat ek nou vir altyd bedek

17 Met swart vlinders

Junie 1964

Vrae:

1. Wie is die spreker in hierdie gedig?

2. Na watter twee stede word in die gedig verwys?
3. In watter van die twee stede bevind die spreker en die aangesprokene in die gedig hulle onderskeidelik?
4. Wat is die gemoedstoestand van die spreker?
5. Waarom, dink jy, voel sy so?
6. Watter dubbele betekenis kan in die titel van die gedig opgesluit lê?
7 Watter een van die twee betekenisse, dink jy, is die waarskynlikste binne die konteks van die gedig? Motiveer jou keuse.
8. Die spreker vra dat die geliefde “onthou” om sekere dinge te sien wanneer (of ás) hy weer in sy dagboek skryf. Verduidelik die verband wat hier gelê word tussen die handeling van “skryf” en die handeling van “sien”.
9. Watter gedagte, dink jy, probeer die spreker in reël 5 oordra met “afwesige wandelinge”?
10 Watter gedagte wil die spreker oordra wanneer sy sê dat haar “bloed vermeng het met die bloed van / Die son saans in Lissabon”?
11. Verduidelik die vergelyking in reël 9.
12. Verduidelik watter gedagte die spreker in reël 10 tot 12 oordra.
13. Waarvan was die son tekenend in reël 3 en in reël 17?
14. Waarom bedek die spreker die son in haar oë nou met “swart vlinders”?
15. Waarvan, dink jy, is die “swart vlinders” simbolies?
16. Dink jy die beeld van “swart vlinders” is effektief binne die gedig?
17. Wat is die funksie van die inversie in die slotreëls?
18. Ten spyte van die vryeversvorm het hierdie gedig ’n baie hegte struktuur. Binding word bewerkstellig deur verstegniese middele soos halfrym, herhaling, inversie en enjambement. Verduidelik in ’n opstel van 200 tot 250 woorde hoe die digter verstegnies hegte binding in die gedig bewerkstellig.

Pa – Marlise Joubert

hy was nie ’n man van staal nie

waar die reën se blink some
alkant oor die berg sleep
hoor ek hom lag hoor ek hom praat
waar die knettervuur van son
die heuwels kaal skeer
hoor ek hom ween hoor ek hom roep

pa was nie ’n man van staal nie
pa was in murg en borsbeen
’n doodgewone man

ontslape vertoef hy soms in my drome
dans rond in stiltes van my boord
versteur die wilgertoiings
ryg wingerdharte aanmekaar
en hang dit elke dag
voor my kamervenster oop

op die lessenaar drup sy inkpen leeg
glip die lig van ’n lamp oor die laaste brief:
ek was ’n doodgewone man
met borswonings van lag en van huil
murgsag en in die liefde geskaad

en my dood was soos dit ons aarde behaag

Bou v.d. gedig

- Vrye vers
    - Geen vaste strofebou
    - Versreëls wissel in lengte
    - Geen rympatroon
    - Geen leesteken- of hooflettergebruik
- Strofe-indeling

  Strofe 1 = Pa is nie ’n sterk man nie
  Strofe 2 = Pa as ’n man van die natuur (’n boer)
  Strofe 3 = Pa is nie ’n sterk man nie
  Strofe 4 = Droom oor Pa (verstaan Pa na sy dood)
  Strofe 5 = Pa sterf
  Strofe 6 = Pa keer terug na die aarde

Titel van die gedig

- Herinnering aan die spreker se pa
- Spreker dink met heimweë (hartseerverlange) aan haar pa
- Alleenplasing beklemtoon die kerngedagte van die gedig

Tema

- Heimweë na die herinnering aan die spreker se oorlede pa
- Onbedrip tussen mense
- Gebrek aan belangstelling in ander se emosies

Toon

- Respek, bewondering, liefde, verlange, deernis en verlies

Die gedig

r. 1 ***hy was nie ’n man van staal nie***

- ‘hy’ = spreker se pa
- Pa was nie ’n sterk man nie
- Pa was nie die toonbeeld van manlikheid nie

r. 2 ***waar die reën se blink some***

- ‘blink some’ = metafoor
    - Strome van die reën word met ’n rok se soom vergelyk
- ‘reën se blink some’ = personifikasie
    - Reën word ’n vrou wat ’n rok met some dra

r. 3 ***alkant oor die berg sleep***

r. 4 ***hoor ek hom lag hoor ek hom praat***

- Herhaling van hoor = beklemtoon die effek wat die reën op die pa het
    - Boere verjeug as dit reën
    - So ook is die pa bly oor die reën

r. 5 ***waar die knettervuur van son***

- ‘knettervuur’ = onomatopee
    - Klank van die brandende vuur

r. 6 ***die heuwels kaal skeer***

r. 5 en r. 6 = metafoor

- Die heuwel (aarde) word vergelyk met iets wat geskeer kan word (heelmoontlik ’n

skaap)

- Die knettervuur van die son word met ’n knipper vergelyk
    - Die son se strale brand die veld skoon
    - Die droogte brand die veld skoon

r. 7 ***hoor ek hom ween hoor ek hom roep***

- Herhaling beklemtoon die effek wat die brand op die pa het
- ‘ween’ = huil daaroor
    - Huil oor die droogte en huil vir die reën
- ‘roep’ = roep tot God om reën te stuur

r. 8 ***pa was nie ’n man van staal nie***

- Pa was ’n emosionele man

r. 9 ***pa was in murg en borsbeen***

- ‘murg’ = murg en been
    - In die pa se hele wese
    - Die karakter van die pa
- ‘borsbeen’ = been wat die hart beskerm
    - Ten spyte van dié been het die pa steeds hartseer ervaar (r. 21)

r. 10 ***’n doodgewone man***

r. 11 ***ontslape vertroef hy soms in my drome***

- ‘ontslape’ = dood
    - Paradoks
        - Pa is oorlede, maar hy lewe voort in die spreker se drome
        - Hy lewe in sy dood
- ‘my drome’ = die spreker se emosionele tuiste
    - Kwesbare wêreld waar net die spreker kan wees

r. 12 ***dans rond in stiltes van my boord***

- ‘my boord’ = spreker se emosionele wêreld
- ‘boord’ = die spreker deel die liefde van boer en plaas met haar pa

r. 13 ***versteur die wilgertooings***

- ‘wilgertooings’ = kaal wilgertakke

r. 14 ***ryg wingerdharte aanmekaar***

- ‘wingerd’ = die spreker deel die liefde van boer en plaas met haar pa

<u>r. 12 – r. 14</u>

- ‘dans rond’ ; ‘versteur’ ; ‘ryg…harte’ = ironies
    - Eers na sy dood lewe die spreker se pa vir die spreker
        - Die pa betoon eers liefde nadat hy dood is

r. 15 ***en hang dit elke dag***

r. 16 ***voor my kamervenster oop***

- ‘my kamervenster’ = spreker se emosionele wêreld

Strofe 5 **Beweeg terug in tyd**

r. 17 ***op die lessenaar drup sy inkpen leeg***

- ‘lessenaar’ = waar die pa sterf
- ‘drup sy inkpen leeg’ = enigste teken van lewe
    - Dui op die pa se uurglas wat leegloop
    - Impliseer die lewe (bloed) wat die pa verlaat

r. 18 ***glip die lig van ’n lamp oor die laaste brief:***

- ‘laaste brief’ = suggereer selfmoord
    - Groetbrief

r. 19 ***ek was ’n doodgewone man***

- ‘ek’ = spreker se pa se direkte woorde

- Alles in kursief is die pa se presiese woorde soos wat dit op die brief staan

r. 20 ***met borswonings van lag en van huil***

- ‘borswonings’ = analogie van borswering
    - Skanse / struktuur wat mure versterk en beskerm
    - ‘lag’ en ‘huil’ is die pa se beskerming teen die aanslae van die lewe

r. 21 ***murgsag en in die liefde geskaad***

- ‘murgsag’ = nie bestand teen seerkry nie
- ‘liefde geskaad’ = deur die liefde teleurgestel

r. 22 ***en my dood was soos dit ons aarde behaag***

- ‘aarde behaag’ = soos die aarde dit wou hê
    - Ironie
        - Pa het doelbewus na die aarde teruggekeer
            - Op ’n onnatuurlike wyse
- ‘aarde’ = het die pa as ontslapene terugontvang
    - Aarde was die pa se heenkome na sy dood

Vrae:

1. Hoe weet jy die pa was ’n boer? Noem vier dinge uit die gedig wat daarop dui.
2. Hoe weet jy die pa was ’n gevoelsmens? Haal vier woorde uit die gedig aan.
3. Hoekom is die laaste vier reëls van die gedig kursief geskryf?
4. Wat was die aard van die verhouding tussen pa en dogter – en waarom sê jy so?
5. Waarom, dink jy, het die pa sy eie lewe beëindig?
6. Dink jy enige mens het die reg om sy of haar lewe te beëindig?
7. Die digter skryf in vrye vers en gebruik baie min verstegniese middele om ’n oortuigende en roerende skets van haar vader te gee. Dui in ’n opstel aan hoe die digter dit doen. (200 tot 250 woorde)

Habakuk 1 – Kobus Lombard

al sou die rosyntjiebosse in die bot staan
en die kameeldorings grys bepeuld hang
al sou die lammeroes algar drielinge dra
en die afrikaners blinkrooi in die krale blom

nogtans sal ek rouklaag
tot God my Redder:
my kind is dood

die Here
– nes !Xu –
brei my sole
soos dié van ’n Boesman
in die wit Kalaharison
laat Hy my kaalvoet loop

Vrae:

1. Waaroor rou die spreker in die gedig?
2. Skryf twee voorbeelde van alliterasie uit die eerste strofe neer.
3. Wie is !Xu?
4. Haal vier woorde uit die eerste strofe aan wat op voorspoed dui.
5. Verduidelik hoe hierdie woorde op voorspoed dui.
6. Wat suggereer die spreker met “blinkrooi” (reël 4)?
7. Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 6?
8. Wat is die funksie van die aandagstrepe in reël 9?
9. Wat, dink jy, is die hoofgedagte van hierdie gedig?
10. ’n Gedig se titel plaas die gedig dikwels binne ’n spesifieke konteks. Skryf ’n literêre opstel van 200 tot 250 woorde waarin jy verduidelik hoe die titel van die gedig in die inhoud neerslag vind.

Bou v.d. gedig

- Vrye vers
    - Byna geen leesteken- of hooflettergebruik nie
    - Versreëls wissel in lengte
    - Strofebou ontbreek
    - Geen vaste rym nie

Interteks

- Interteks is vanuit die boek Habakuk
    - Habakuk is ’n profeet van die Ou Testament
        - Habakuk bring die opdrag aan die volk: Sien God te midde alles
            - God is ’n skuiling wat hoop te midde wanhoop gee en lewe te midde die dood

Habakuk 1

[2] Hoe lank, o Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! --- maar U help nie?

Habakuk 3

[17] Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle wees nie ---

[18] Nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.

[19] Die Here Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van ‘n herte, en Hy laat my tree op my hoogtes.

- Die spreker keer die inhoud om:
    - Al is die natuur in voorspoed, sal hy steeds rou
        - Voorspoed maak nie op vir die verlies van ’n kind nie
    - In Habakuk 3 is die natuur aan die agteruitgang, ten spyte daarvan sal Habakuk steeds verjeugd wees
    - D.m.v. die metafoor in r. 12 sluit die spreker by Habakuk se boodskap aan
        - Om God te midde alles te sien, want God brei mens om die swaar van die lewe te kan dra
- Tog wil die spreker hulp hê
    - Hy wil gehard word
    - Hy roep tot God, maar voel sy gebede word nie verhoor nie

- ‘rosyntjiebosse’ (r. 1) = Bybelse wingerdstokke
    - Albei word gebruik om drank mee te maak
- ‘kameeldorings’ (r. 2) = onvrugbare vyeboom en olyfboom
- ‘die afrikaners blinkrooi in die krale drom’ (r. 4) = leë krale

Die gedig

Strofe 1

- Spreker beeld die voorspoed van die natuur uit
- Anafora
  - Die herhaling van woorde aan die begin van versreëls = vestig ’n ooreenkoms in die versreëls se inhoud
  - r. 1 en r. 3
    - Die voorspoed van die rosyntjiebosse is dieselfde as die voorspoed van die lammers
  - r. 2 en r. 4
    - Die voorspoed van die kameeldorings is dieselfde as die voorspoed van die afrikaners

---

r. 1 ***al sou die rosyntjiebosse in die bot staan***

- ‘rosyntjiebosse’ = Bybelse wingerdstokke
- ‘in die bot staan’ = besig om te bloei (te blom)
  - Teken van voorspoed

---

r. 2 ***en die kameeldorings grys bepeuld hang***

- ‘kameeldorings’ = doringbome
- ‘bepeuld’ = met saad
  - Peule is die saad wat aan kameldorings groei
  - Die boom is vol saad
  - Teken van voorspoed

---

r. 3 ***al sou die lammeroes algar drielinge dra***

- ‘lammeroes’ = oes van lammers
  - Lammers word in drielinge gebore
- ‘algar’ = almal
- ‘drielinge’ = teken van voorspoed

---

r. 4 ***en die afrikaners blinkrooi in die krale blom***

- ‘afrikaner’ = bees
- ‘blinkrooi’ = teken van voorspoed
  - Die afrikaners is gevoed en gesond

Strofe 2

- Beskryf wat met die spreker gebeur het
  - Wat die spreker se hartseer veroorsaak

---

r. 5 ***Nogtans sal ek rouklaag***

- ‘rouklaag’ = treur
- Al is die natuur mooi en in voorspoed, sal die spreker treur

---

r. 6 ***tot God my Redder:***

- ‘my Redder’ = spreker verwerp nie God oor sy hartseer nie
  - Besef die hartseer is deel van die Here se brei-proses
- Dubbelpunt = rede vir die spreker se rouklaag volg

---

r. 7 ***my kind is dood***

Strofe 3

- Spreker se aanvaarding van die kind se dood

---

r. 8 ***die Here***

---

r.9 ***— nes !Xu —***

- Aandagstrepe = parentese

- '!Xu' = Boesman se hoof god (nes God die Christene se hoof God is)
- 'nes' = vergelyking begin
    - Spreker vergelyk die Here met die Boesman se god, !Xu
    - Beide die Here en !Xu gebruik dié hardingtegniek

---

r. 10 ***brei my sole***

- 'brei' = proses van gehard maak
    - Wanneer jy gebrei word, word jy bestand gemaak teen die lewe se aanlae
- 'sole' = voete
    - Metafoor
        - Spreker se rou word met sy voete vergelyk
            - Die spreker moet in sy rou loop totdat hy genees is

---

r. 11 ***soos dié van 'n Boesman***

- Soortgelyk moet 'n boesman ook deur sy pyn loop
    - Kaalvoet deur die woestyn loop

---

r. 12 ***in die wit Kalaharison***

- 'wit Kalaharison' = die son is so warm dat dit skoon wit lyk
    - Metafoor
        - Die genadelose lewe word met die wit Kalaharison vergelyk
        - Die lewe sonder die spreker se kind is so genadeloos soos die naakte Kalaharison

---

r. 10 – r. 12

- Vergelyking
    - Die spreker se seer word met die Boesman se seer (wanneer hy kaalvoet deur die woestyn moet loop) vergelyk
        - Die Boesman se voete word (a.g.v. !Xu) deur die son verbrand
            - So word sy voete hard gemaak en hy kan later sy omstandighede en omgewing trotseer
    - Soortgelyk word die spreker se voete (deur die dood van sy kind) verbrand deur die Here, sodat hy sy omstandighede kan trotseer

---

r. 13 ***laat Hy my kaalvoet loop***

- Mens moet gehard word om die lewe te kan oorleef
- D.m.v. swaarkry word mes gebrei om die aanslae van die lewe te kan hanteer
    - Jy loop dus by wyse van spreke kaalvoet deur jou swaarkry soos die Boesman

Vyf koeplette as detox – Johan Myburg

Badkamerblues

In ’n badkamer met spieëls vol wasem
proe ek jou soos gif op my asem

Ek skink ’n glas Allesverloren-port
drink op alles wat was nie was nie word

Hoe meer ek aan jou dink
hoe dieper wil ek in die water sink

Niks hou my nou meer vas
gaan jou gaan jou uit my hare was

Teug aan ’n laaste sigaret blaas rook
’n wit sakdoek wat bly spook

Vrae:

1. Benoem die beeldspraak in strofe 1.
2. Watter twee dinge noem die spreker wat nie by “detox” pas nie?
3. Skryf die rymskema neer.
4. Skryf ’n voorbeeld van personifikasie neer.
5. Lewer kommentaar op die gebruik van die woord “detox” in die titel.
6. Hoe weet die leser die badwater is baie warm?
7. Wat suggereer in strofe 1 dat die spreker nie positiewe herinneringe aan sy gewese geliefde het nie?
8. Verduidelik die woordspeling in “Allesverloren” in reël 3.
9. Verklaar die betekenis van: “alles wat was nie was nie word”.
10. Wat, dink jy, beteken “Niks hou my nou meer vas”?
11. Verduidelik die dubbelsinnigheid in strofe 5.
12. Talle moderne gedigte skyn oor doodgewone, daaglikse dinge te handel. Ook “Vyf koeplette as detox” speel af in ’n alledaagse badkamer. Dui aan hoe die leser weet die spreker is in die badkamer: bespreek al die badverwysings en dui aan hoe dit by die titel en subtitel aansluit. (200 tot 250 woorde)

Oor die gedig

- Liefdesgedig
    - Die spreker probeer van al die herinneringe aan sy gewese geliefde ontslae raak
    - Die spreker besef dat sy geliefde vir altyd by hom sal spook

    - Spreker: depressiewe persoon wat ’n vorige geliefde uit sy sisteem probeer kry.
    - Aangesprokene: vorige geliefde

Tipografie van die gedig

- Rympatroon van die gedig is **paarrym**
    - Paarrym stel die paartje waaroor die gedig gaan, voor
- Titel sluit aan by die tipografie
    - Gedig bestaan uit vyf koeplette
- Leestekengebruik is afwesig
    - Gebrek aan leestekens dui aan dat die spreker se pyn en verlange vir altyd sal duur

Toon van die gedig

- Subtitel gee ’n aanduiding van die toon van die gedig
    - Blues = hartseer
    - Badkamer = ruimte van die gedig
        - In ’n badkamer kan mens uiting aan jou emosies gee

Die titel van die gedig (saamgevat)

Titel

- *Vyf koeplette as detox*
    - Dui die tipografie van die gedig aan
        - Gedig bestaan uit vyf koeplette

Subtitel

- Badkamer
    - Waar die spreker homself bevind
- Blues
    - Musiekgenre wat gewoonlik hartseer is
        - Liedjies oor liefdesteleurstellings

Die gedig

r. 1 ***In ’n badkamer met spieëls vol wasem***

- ‘wasem’ = dui aan dat die spreker se badwater baie warm is

---

r. 2 ***proe ek jou soos gif op my asem***

- ‘soos gif op my asem’ = vergelyking
    - Aangesprokene word met gif vergelyk
    - Die aangesprokene was giftig — sy is dodelik
    - Herinneringe aan die aangesprokene vergiftig die spreker

---

---

r. 3 ***Ek skink ’n glas Allesverloren-port***

- ‘Allesverloren’ = twee betekenisse

- Wynplaas wat dié spesifieke port maak (port se naam)
- Sinspeel op = alles is verlore
  - Daar is nie meer hoop nie
  - Die spreker is depresief a.g.v. die verhouding

r. 4 ***drink op alles wat was nie was nie word***

- 'drink op alles' = aanduiding van iets wat gevier word
- 'alles wat was' = die verhouding
- 'nie was nie word' = die verhouding bestaan nie meer nie
  - Die verhouding (wat was) bestaan nie meer nie
  - Die spreker drink op die verhouding wat ongedaan is

r. 5 ***Hoe meer ek aan jou dink***

r. 6 ***hoe dieper wil ek in die water sink***

- Spreker is oortuig as hy dieper in die water lê, sal hy skoner wees
  - Hoe dieper hy in die water is, hoe vinniger sal die verhouding hom nie meer pla nie

r. 7 ***Niks hou my meer vas***

- Twee betekenisse
  - Op hierdie stadium is die spreker oortuig dat die detoks werk
    - Die aangesprokene het nie meer 'n houvas op die spreker nie
  - Die spreker se steunpilaar (wat die aangesprokene was) is weg
    - Niks hou hom meer gronde nie

r. 8 ***gaan jou gaan jou uit my hare was***

- 'gaan jou gaan jou' = herhaling
  - Visuele uitbeelding van die spreker se aksies
  - Leser kan sien hoe die spreker sy hare was
    - Herhaling dui die desperate probeerslag om van die herinneringe aan die aangesprokene ontslae te raak

r. 9 ***Teug aan 'n laaste sigaret blaas rook***

r. 10 ***'n wit sakdoek wat bly spook***

- Personifikasie
- 'witsakdoek' = verteenwoordig die aangesprokene

r. 9 en r. 10

- Rook wat die spreker uitblaas lyk soos 'n spookbeeld van 'n witsakdoek
  - Die spreker besef dat die aangesprokene vir altyd hom sal by bly
    - Sal nooit ontslae kan raak van die herinneringe aan die aangesprokene nie